

DIE TOEKOMSTIGE ONTWIKKELING VAN DIE MIELIEBEDRYF IN SUID-AFRIKA

A P SCHOLTZ, Raad van Beheer oor die Mielienywerheid

Inleiding

Meneer die Voorsitter, by 'n beskouing van die toekomstige ontwikkeling van die mieliebedryf in Suid-Afrika, is dit noodsaaklik om te let op die huidige en verwagte omvang van produksie en verbruik in die Republiek, daarna kortliks te wys op die internasionale afsetmoontlikhede en laastens enkele opmerkings te maak oor sekere faktore wat 'n beslissende rol in die toekoms kan speel.*

'n Mens kan die primêre doelwit van die landbou saamvat in die stelling dat die landbou 'n optimale bydrae moet lewer in die bevrediging van die voedsel- en veselbehoefte van dié bevolking. Om hierdie rede verwag ek dat 'n groot deel van die besprekings vandag gewy sal word aan die eise wat in die afsienbare toekoms aan die Suid-Afrikaanse landbou gestel sal word om voedsel te verskaf aan die snel toenemende bevolking — plaaslik sowel as oorsee. Die omvang van hierdie eise word bepaal nie slegs deur die bevolkingstoename nie, maar ook deur ander en belangriker faktore soos stygings in reële inkomste, hoër opvoedkundige peile, verbeterde internasionale kommunikasie, verandering van smaak, ens.

Die aanpassing van die hoeveelheid wat geproduseer word by veranderings in die hoeveelheid wat verbruikers van 'n spesifieke produk nodig het, is een van die grootste probleme waarmee die landbou te kampe het. Omdat die omvang van die individuele produsent se produksie 'n onbeduidende gedeelte van die totale aanbod uitmaak en hy in die meeste gevalle nie direk met die verbruiker skakel nie, is dit vir die boer 'n uiters moeilike taak om jaarliks te besluit hoe hy sy produksiebronne gaan aanwend. Voeg hierby nog die onvoorspelbaarheid van klimaatstoestande, veral in ons land, en dit is duidelik dat langtermynewewig tussen aanbod en aanvraag in die landbou nie ten volle verwesenlik kan word nie.

Hierdie verskynsel is egter geen rede waarom landbouontwikkeling nie op planmatige wyse aangepak moet word nie — trouens, dit beklemtoon die behoefte aan breë riglyne van owerheidsweë.

Vanweë die kompleksheid van die probleme in die landbou-sektor, waarvan 'n aanduiding in die voorafgaande gegee is, sal ek in hierdie referaat my vooruitskouing beperk tot die tydperk eindigende 1980.

* Die menings wat hier uitgespreek word, is die persoonlike menings van die outeur en word nie noodwendig deur die Mielieraad onderskryf nie.

Verwagte ontwikkelings in die Suid-Afrikaanse Mieliebedryf

Ek het enkele maande gelede by 'n nasionale mielie-konferensie 'n redelik omvattende oorsig van die feitlike posisie en verwagtings binne die marksituasie van mielies in Suid-Afrika gegee, (Scholtz, 1972). Aangesien die basiese situasie nie sedertdien verander het nie, verstrekk ek hier weer eens die belangrikste waarnemings en gevolgtrekkings, hoewel daar in sommige gevalle jonger statistieke gebruik word.

Die huidige en verwagte omvang van mielieproduksie in Suid-Afrika

Mielies is verreweg die belangrikste akkerbougewas in die Republiek. Ongeveer 52 persent van die totale bewerkte oppervlakte onder jaargewasse is met mielies beplant, en die vernaamste produksiestreke is die Noordoos- en Noordwes-Vrystaat, Wes-Transvaal, Oostelike Transvaalse Hoëveld en Noord- en Oos-Transvaal. (Tabel 1).

Die totale jaarlikse produksie het met 17,5 persent (1,0 miljoen ton) toegeneem van die gemiddelde van 5,9 miljoen ton in die periode 1963/64—1967/68 tot die gemiddelde van 7,0 miljoen ton vir die periode 1968/69—1972/73. Hierdie styging moet toegeskryf word aan 'n toename van 16,2 persent in die oppervlakte wat met mielies beplant is en 'n toename van 1,4 persent in die gemiddelde opbrengs per hektaar op plase van Blankes. Die Afdeling Landbou-bemarkingsnavorsing (Dept van Landbou-Ekonomie en -Bemaking) se ramings van die oppervlakte met mielies beplant vir die tydperk 1963/64—1972/73 wat in hierdie berekenings gebruik is, is dié vroeëre reeks wat gebaseer is op die Departement van Statistiek se 1962/63 landbousensus.

Volgens ramings van die Mielieraad kom die verwagte gemiddelde jaarlikse produksie vir 1980 op ongeveer 12 miljoen ton te staan. Hierdie toename in produksie veronderstel die verdere toepassing van verbeterde verbouingspraktyke, beter benutting van die potensiaal van bestaande en nuwe bastervariëteite wat deur middel van doelgerigte teling vir hoë produksie en siekteweerstand ontwikkel word, verbeterde boerderybestuurspraktyke en 'n geringe toename in die oppervlakte onder mielies. As gevolg van wisselende klimaatstoestande in Suid-Afrika word 'n hoë koëffisiënt van variasie in produksie (naamlik 38 persent) waargeneem en gevolglik kan die werklike grootte van die oes in 1980 wissel tussen ongeveer 7,5 miljoen ton en ongeveer 16,5 miljoen ton. Vir die doeleindes van hierdie referaat word die geprojekteerde omvang van produksie van 12 miljoen ton gebruik.

Tabel 1 *Streksindeling van die totale oppervlakte beplant met mielies en produksie in die Republiek van Suid-Afrika vir die bemarkingseisoene 1968/69 tot 1972/73 (Skattings van die Afdeling Landbou-bemarkingsnavorsing van die Departement van Landbou-Ekonomie en -Bemarking gebaseer op die 1962/63 landbousensus)*

Streke	Produksie		Oppervlakte		Opbrengs	
	Vyfjaar-gemiddelde ('000 ton)	Persentasie van totaal Blanke gebiede	Vyfjaar-gemiddelde ('000 hek-taar)	Persentasie van totaal Blanke gebiede	Ton per hektaar *	Persentasie afwyking van gemiddeld vir Blanke gebied
Natal en Griekwaland-Oos	256	3,8	293	5,5	0,9	-30,8
Kaapprovinsie	253	3,8	381	7,2	0,7	-46,2
Wes-Vrystaat	71	1,0	112	2,1	0,6	-53,9
Sentraal- en Suid-Vrystaat	95	1,4	168	3,1	0,6	-53,9
Noordwes-Vrystaat	1 483	22,0	1 279	24,0	1,2	- 7,7
Noordoos-Vrystaat	799	11,9	741	13,9	1,1	-15,4
Wes-Transvaal	1 964	29,1	1 143	21,5	1,7	+30,8
Oostelike Transvaalse Hoëveld	760	11,3	445	8,4	1,7	+30,8
Rand	253	3,8	113	2,1	2,2	+69,2
Noord- en Oos-Transvaal	802	11,9	650	12,2	1,2	- 7,7
Totaal Blankegebiede **	6 736	100,0	5 325	100,0	1,3	-
Totaal Bantoegebiede	239	-	***	-	-	-
Totaal Republiek	6 975	-	-	-	-	-

* Vyfjaargemiddelde opbrengs ÷ vyfjaargemiddelde oppervlakte

** Insluitend Bantoes op plase van Blankes

*** Nie beskikbaar nie

Die huidige en verwagte omvang van mielieverbruik in Suid-Afrika

Die netto binnelandse verbruik van mielies het met 22,7 persent (0,9 miljoen ton) gestyg van gemiddeld 4,0 miljoen ton vir die periode 1963/64-1967/68 tot gemiddeld 4,9 miljoen ton vir die periode 1968/69-1972/73. Die belangrikste komponente hiervan, naamlik direkte menslike verbruik van mielies, het in dié tydperk met 9,3 persent gestyg tot 2,7 miljoen ton en die dierlike verbruik met 44,9 persent tot 2,1 miljoen ton.

Volgens die Raad se ramings kan die verwagte gemiddelde binnelandse verbruik in 1980 tussen 6,2 en 8,3 miljoen ton wees. Soos verwag kan word, sal menslike en dierlike verbruik in 1980 steeds die belangrikste vorms van verbruik wees. Interessantheidshalwe kan hier genoem word dat die geprojekteerde waardes van hierdie twee verbruiksvorms vir 1980 op onderskeidelik 2,9-3,2 miljoen ton en 3,2-4,8 miljoen ton te staan kom.

Die huidige en verwagte hoeveelhede beskikbaar vir uitvoer

Volgens bostaande uiteensetting kom die gemiddelde jaarlikse uitvoerbare oorskot vir die tydperk 1968/69-1972/73 op 2,0 miljoen ton te staan, terwyl die geprojek-

teerde gemiddelde vir 1980 op ongeveer 4,8 miljoen ton te staan kom indien 'n middelwaarde van 7,2 miljoen ton vir verbruik aanvaar word. Dit beteken dat die gemiddelde jaarlikse oorskot in dié tydperk met 138 persent sal toeneem.

As gevolg van die groot skommeling in produksie en die onsekerheid oor die werklike omvang wat verbruik in 1980 sal bereik, kan die werklike situasie wanneer die uiterste grense gekombineer word, teen 1980 wissel van 'n oorskot van 10,3 miljoen ton tot 'n tekort van 0,8 miljoen ton.

Die belangrikste kenmerke van die plaaslike mark vir mielies

In die beperkte tyd tot my beskikking sal ek slegs die marksegmente van menslike en dierlike verbruik, wat 96,9 persent van die totale verbruik verteenwoordig, bespreek.

Menslike verbruik

Die belangrikste kenmerke hiervan is die volgende

- 1 Die vraag na voedsel het 'n relatief lae inkomste-elastisiteit. Dit beteken dat na gelang inkomstepeile styg, daar verhoudelik 'n kleiner gedeelte daarvan

aan voedsel bestee word. So vind ons byvoorbeeld dat hoewel die beraamde besteding aan voedsel, drank en tabak van R1,7 miljard in 1965 gestyg het tot R3,0 miljard in 1972, dit in werklikheid as persentasie van die totale besteding gedaal het van 34,5 persent in 1965 tot 31,9 persent in 1972. (Suid-Afrikaanse Reserwebank 1973).

Daar bestaan verder groot verskille in die inkomste-elastisiteitskoëffisiënte vir die verskillende voedsel-groepe. Besteding aan graanprodukte het een van die laagste koëffisiënte, terwyl besteding aan dierlike proteïenprodukte relatief hoë koëffisiënte het.

Selfs by graanprodukte is daar belangrike onderlinge verskille. Waar die koëffisiënt vir besteding op koring-produkte laag maar deurgaans positief is, is dit vir mielie-meelverbruik in der waarheid reeds negatief vir sommige van die stedelike bevolkingsgroepe.

Die implikasie hiervan is dat verdere stygings in inkomstepeile maar 'n baie geringe styging in die besteding op mielieverbruik sal meebring.

- 2 Die verbruik van mielies en mielieprodukte per kapita toon 'n dalende neiging. Vir 1960 het die syfer op 128,7 kg te staan gekom en vir 1972 kom dit na raming op 119,6 kg te staan, 'n daling dus van 9,1 kg of 7,1 persent oor die twaalfjaarperiode.
- 3 Soos uit Tabel 2 blyk, verskil die verbruikspatroon aansienlik vir die verskillende bevolkingsgroepe en maak die Bantoevolke verreweg die belangrikste verbruikersgroep uit.

- 4 Dit is egter belangrik om daarop te let dat verstedeliking tot 'n afname in die mielieverbruik deur die Bantoe lei. In die Nongomagebied (kwaZulu) byvoorbeeld bedra die waarde van mielieverbruik per huishouding R74,11 per jaar teenoor R39,24 in Johannesburg.

Dierlike verbruik

In hierdie geval kan die volgende belangrike kenmerke kortliks aangedui word

- 1 Die vraag na mielies vir diervoeding is 'n afgeleide vraag en word beïnvloed deur die vraag na die betrokke eindprodukte.
- 2 Daar bestaan 'n tradisionele voorkeur vir mielies as energiebron in veerantsoene.
- 3 Volgens die beste beskikbare inligting is die totale mielieverbruik vir diervoeding in 1970/71 in die volgende verhouding aangewend vir die verskillende diereverbruiksklasse: pluimvee – 39 persent, melkbeeste – 32 persent, varke – 18 persent, vleisbeeste – 6 persent, skape en ander – 5 persent.

Die verbruik deur pluimvee en melkbeeste is verreweg die belangrikste komponente, en na verwagting sal dit in die afsienbare toekoms nog so bly. Dit is egter verbasend hoe laag die verbruik deur vleisbeeste is – veral as in aanmerking geneem word dat die Republiek nie selfversorgend is sover dit rooivleisproduksie betref nie.

Tabel 2 Per kapita-besteding aan mielie-meel en mielierys van die verskillende bevolkingsgroepe woonagtig in die vier vernaamste stedelike gebiede vir die jaar 1968 (Bereken uit "Market Potentials of consumer goods in the main metropolitan areas of the Republic of South Africa for 1968 by population group." BMR, Res. Rep. No. 26, 1971)

	Blankes		Bantoes		Kleurlinge		Asiate	
	Per kapita besteding	Aandeel van Blankes aan totale besteding	Per kapita besteding	Aandeel van Bantoes aan totale besteding	Per kapita besteding	Aandeel van Kleurlinge aan totale besteding	Per kapita-besteding	Aandeel van Asiate aan totale besteding
	R	%	R	%	R	%	R	%
Mielie-meel	1,22	16,44	3,98	80,08	0,32	1,80	0,59	1,68
Mielierys	0,25	28,09	0,29	48,58	0,19	8,76	0,62	14,57
Totaal	1,47	17,70	4,27	76,69	0,51	2,55	1,21	3,06

- 4 'n Verdere kenmerk is dat die hoeveelheid mielies wat op plase teruggehou en vir dierevoeding aangewend word, verhoudelik baie laag is. Dit het in 1970/71 maar 663 000 ton uit 'n totale dierlike verbruik van 2,4 miljoen ton (dws 28,1 persent) beloop.
- 5 Prysverhoudings tussen die verskillende dierlike produkte het in die jongste jare beslis ten gunste van rooivleis geswaai, en dit behoort 'n gunstige klimaat vir die groter aanwending van mielies in die voer van vleisbeeste te skep.

Die uitvoermark vir Suid-Afrikaanse mielies

Suid-Afrikaanse mielies het 'n besonder gunstige reputasie op die wêreldmark. Dit is veral toe te skryf aan die lae voginhoud daarvan, die lae persentasie vreemde materiaal en gebrekekte pitte, en in die geval van geelmielies ook nog die feit dat dit wat kleur en hardheid betref, besonder goed vergelyk met die gesogte Argentynse geel rondepitmielie.

Hierbenewens het die Republiek 'n uitstekende reputasie sover dit die nakoming van sy kontraktuele verpligtings ten opsigte van sowel gehaltevereistes as fisiese lewering betref. Die gesamentlike uitwerking hiervan was dat Suid-Afrika tot dusver nog nooit in die posisie beland het waar hy glad nie 'n mark vir sy uitvoermielies kon vind nie.

Tabel 3 bevat besonderhede van die gemiddelde jaarlikse hoeveelhede mielies wat die vernaamste invoerlande en die res van die wêreld in totaal en uit Suid-Afrika, invoer, asook Suid-Afrika se aandeel van die mark. Vanweë die skommeling in die Republiek se uitvoer is die vergelyking op 'n vyfjaarperiode gebaseer.

Volgens die syfers is dit duidelik dat Japan (43,5 persent) en die Verenigde Koninkryk (28,4 persent) ons grootste kliente is en dat ons verhoudelik ook 'n groter aandeel van die mark in daardie twee lande verower het, naamlik 12,6 persent en 12,3 persent onderskeidelik. In beide gevalle bestaan daar besondere voorkeure vir Suid-Afrikaanse mielies en is kopers bereid om normaalweg pryse te betaal wat verseker dat voorrade na hulle vloei. Spanje en Italië is lande wat van tyd tot tyd sterk na vore tree as kopers van Suid-Afrikaanse mielies, veral ten opsigte van geelmielies wanneer rondepitgeelmielies uit Argentinië skaars word.

Selfs met inagneming van die aanvraag uit Italië het slegs 12,4 persent van ons uitvoer na die EEG, soos destyds saamgestel, gegaan. Die buitengewoon lae aandeel wat Suid-Afrika in daardie geweldige groot mark het, kan hoofsaaklik toegeskryf word daaraan dat die deursneekoper mielies hoofsaaklik sien as net een van die bronne van energie in veerantsoene en nie aan ons mielies dieselfde premiewaarde as byvoorbeeld kopers in Japan toeken nie. Faktore wat waarskynlik ook 'n verdiskonterende effek op die premiewaarde het, is goedkoper skeepsfrag en vinniger toevoer van voorrade van die VSA as van Suid-Afrika af. Dit hou 'n voordeel op gelande

koste en die koste verbonde aan minimum voorraadhouding in.

'n Besondere kenmerk van die wêreldmark vir grane (wat slegs gedeeltelik in die voorafgaande persentasies weerspieël word) is dat die omvang van die uitvoer/invoer in die meeste lande slegs 'n klein persentasie van die totale volume van produksie/verbruik verteenwoordig. Dit skep basiese onstabieleiteit omdat relatief klein veranderings in produksie of verbruik verhoudelik groot skommelings in die omvang en vloei rigting van die graanhandel veroorsaak.

In Tabel 4 word besonderhede van die wêreldinvoere van die verskillende growwe grane vir die jare 1966/67-1970/71 verstrek.

Dit is duidelik dat, hoewel die verhoudelike belangrikheid van die verskillende growwe grane van jaar tot jaar wissel, mielie-invoer op 'n redelik bestendige vlak gehandhaaf is oor die betrokke tydperk. Mielie-invoer het in 1970/71 nog 'n oorheersende aandeel (58 persent) van die totaal vir growwe grane uitgemaak, maar gars en graansorghum het taamlik veld gewen en hulle kan in die toekoms selfs sterker mededingers word.

Daar moet ook gemeld word dat laegehalte koring op toenemende skaal in sommige lande vir veevoeding gebruik word. Volgens VLO-ramings het dit in 1970 byvoorbeeld 46 miljoen ton beloop, en dit is gelyk aan 13,8 persent van die hoeveelheid growwe graan wat as veevoer gebruik is. Verskeie oorwegings - veral invoerbesparing - beïnvloed die omvang hiervan, maar as in aanmerking geneem word dat dit byna gelyk is aan die totale invoer van growwe graan in 1970, is dit onteenseglik 'n faktor waarmee uitvoerlande in die toekoms rekening sal moet hou.

Dit blyk uit VLO-projeksies van die wêreldgraansituasie (1971) dat, indien huidige tendense voortduur, wêreldproduksie van growwe grane die verbruik daarvan in 1980 met 41,1 miljoen ton sal oorskry. Invoerbenodigdhede sal maar 56,7 persent van die uitvoeraanbod uitmaak en dit is duidelik dat mededinging tussen uitvoerlande aansienlik sal verskerp. Die verskerpte mededinging sal hoofsaaklik van Suid-Afrika se huidige mededingers, naamlik die VSA, Argentinië, Frankryk en Thailand, kom.

Volgens die betrokke projeksies sal die vernaamste toename in invoerbenodigdhede in Japan (5,9 miljoen ton of 42,6 persent) en die Verenigde Koninkryk (4,1 miljoen ton of 19,6 persent) voorkom.

Algemeen kan gesê word dat intensiewer mededinging in al die bestaande markte vir mielies ondervind sal word, maar dat die stryd in Japan waarskynlik die felste sal wees.

Tabel 3 Gemiddelde jaarlikse invoer van mielies deur sekere lande vir die periode 1966/67–1970/71 (World Grain Trade Statistics 1970/71, FAO, Rome)

	Totale invoer		Invoer van RSA		Markaandeel van RSA %
	'000 ton*	%	'000 ton**	%	
EEG	10 711	39,7	178	12,4	1,66
Japan	4 975	18,4	626	43,5	12,58
VK	3 326	12,3	408	28,4	12,27
Spanje	2 261	8,4	77	5,3	3,41
Totaal vir vier lande	21 273	78,8	1 289	89,6	6,06
Ander	5 707	21,2	149	10,4	2,61
Wêreldtotaal	26 980	100,0	1 438	100,0	5,33

* Invoerseisoen Julie/Junie

** Uitvoerseisoen Mei/April

Tabel 4 Wêreldinvoer* van graan vir die jare 1966/67–1970/71** (Review of the World Wheat Situation 1970/71, International Wheat Council, London)

Graansoort	1966/67	1967/68	1968/69	1969/70	1970/71
	'000 ton				
Rog	580	430	315	340	720
Gars	6 220	6 340	6 310	8 080	10 250
Hawer	1 280	1 280	1 150	980	1 860
Mielies	25 200	27 020	26 770	27 850	28 020
Sorghum en giers	9 600	6 225	4 305	5 280	7 340
Totaal voergraan	42 880	41 335	38 850	42 530	48 190
Koring en koringmeel	52 495	48 260	42 710	47 410	49 460
Totaal vir alle graan	95 375	89 595	81 560	89 940	97 650

* Sluit nie handel tussen Sentraal-Bepalande Lande in nie

** Handelsjare Julie tot Junie

Enkele aspekte wat die toekomstige ontwikkelings van die mieliebedryf kan beïnvloed

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat, indien bestaande tendense voortduur, die mieliebedryf meer as opgewasse sal wees vir die taak om in sy gedeelte van die voedselbenodigdhede van die bevolking van die Republiek van Suid-Afrika te voorsien. In werklikheid sal daar vir die afsienbare toekoms 'n aansienlike oorskot geproduseer word, wat in 'n situasie van verskerpte mededinging op die buitelandse mark van die hand gesit moet word.

Daar is enkele aspekte wat 'n direkte invloed op die toekomstige ontwikkeling van die mieliebedryf by aanbod en/of vraag kan hê en wat ter wille van duidelike perspektief en vanweë die beleidsimplikasies daarvan verdere oorweging vereis. Ek wil in hierdie verband graag die aandag op die volgende vestig.

Bemerkingsgerigtheid

Die noodsaaklikheid daarvan dat die hele mieliebedryf in toenemende mate bemerkingsgerig moet wees, kan nie oorbeklemtoon word nie. Ek het hierdie saak reeds in 1970 begin bepleit (Scholtz, 1970) en hoewel daar sedertdien heelwat vordering gemaak is, moet nog baie gedoen word om al die skakels in die bemerkingsketting behoorlik inmekaar te haak vir so 'n benadering. Dit is noodsaaklik dat die behoeftes en voorkeure van die verbruikers (en potensiële verbruikers) bepaal word en dat daar gepoog word om so ekonomies moontlik daaraan te voldoen. Identifisering van die verskillende segmente waaruit die mark bestaan en die kenmerke van elke segment is van die grootste belang — ongeag of dit plaaslike of oorsese verbruikers is.

Produkteverbetering en -omvorming is, onder andere, belangrike hulpmiddels om hierdie doel te verwesenlik. In hierdie verband moet kennis daarvan geneem word dat veral die volgende eienskappe van toenemende belang vir die behoud en uitbreiding van sowel ons binnelandse as buitelandse mark is

- (a) groter pitte by witmielies, maar met behoud van 'n redelike mate van hardheid in die endosperm;
- (b) 'n dieper geel kleur by geelmielies; en
- (c) 'n hoër proteïeninhoud by albei soorte.

Hierbenewens het die kwessie van 'n verhoging van die gehalte van die mielie se proteïen deur 'n verhoging van die lisien- en troptofaaninhoud daarvan in die afgelope paar jaar sterk na vore gekom. In die lig van die besondere klem wat op die verskaffing van die proteïenbenodigdhede van die steeds toenemende plaaslike en wêreldbevolking geplaas word, is dit noodsaaklik dat al die aspekte van hierdie sogenaamde hoëlisienmielies sorgvuldig oorweeg word en dat 'n besluit geneem word oor die prioriteit wat daaraan toegeken moet word. Die Raad gee saam met die Departement van Landbou-Tegniese Dienste en die NVNI van die WNNR aandag aan die saak.

Verhoogde produktiwiteit

Daar kan nie twyfel wees oor die wenslikheid daarvan om na die hoogs moontlike peil van produktiwiteit te streef nie. Benewens die verantwoordelikheid wat op die produsent rus om die beste gebruik te maak van die

beskikbare produksiefaktore, insluitende bestuursvernuf, is daar ander sektore van die bedryf en ook die owerheid wat belangrike bydraes in hierdie verband kan en behoort te lewer. Dink maar aan die verskaffers van landboutoerusting, bemestingstowwe (dit is nou u bedryf, Meneer die Voorsitter), plaagbeheermiddels, saadtelers en die navorsings- en voorligtingsdienste van die Staat.

Indien die saadbedryf byvoorbeeld na vore kan kom met variëteite wat meer droogtebestand is en siekte-weerstand het, of wat inherent 'n hoër opbrengspotensiaal het, sal dit geweldige voordele vir die bedryf inhou. Insgelyks kan 'n verbetering in enige ander veranderlike in die produksiefunksie daartoe bydra om die mededingingsposisie, en dus die bestaansmoontlikhede van die mielieprodusent te verbeter.

Die gemiddelde opbrengspeil in Transvaal en die Vrystaat van die goeie oes van 1972 is maar 30 persent van die nasionale gemiddelde opbrengs van die VSA. Hierdie verskil is myns insiens te groot om bloot aan fisiese faktore toegeskryf te kan word.

Behoorlike koördinasie van landboupryse

Dit is 'n besondere kenmerk van die landbou in die Republiek van Suid-Afrika dat so 'n groot persentasie van landbouproduksie aan een of ander vorm van staatsingryping in die prysvormingsproses onderhewig is. Daar bestaan goeie redes hiervoor, maar die vraag ontstaan of daar in voldoende mate geslaag is in die oogmerk om die pryse van landbouprodukte kragtens die verskillende skemas wat onder die Bemerkingswet ingestel is, te koördineer.

Pryse vervul sekere belangrike funksies in 'n markekonomie. Die belangrikste hiervan is die volgende

- (a) Dit rig die aanwending van die verskillende produksiefaktore;
- (b) dit rig die afset van die goedere wat deur die ekonomie geproduseer word; en
- (c) dit verdeel die totale inkomste tussen die verskillende lede van die gemeenskap.

Dit is onteenseglik waar dat daar in die landbou dikwels 'n traagheid bespeur word in die reaksie van aanbod op prysveranderinge, maar vir die individuele produsent is die prysfaktor wel 'n hulpmiddel in die keuse tussen alternatiewe aanwendings van sy produksiebronne. Vanweë die wisselwerking tussen vraag en aanbod waardeur die prys eintlik bepaal word, is dit in die meeste gevalle nie prakties om die pryse van landbouprodukte aan te kondig nog voordat die produksie 'n aanvang neem nie. Dit is egter wel moontlik om 'n hoë mate van prysstabiliteit te verseker, wat dan ook een van die oogmerke van beheerde bemerking is, en verder 'n afset aan die produsent waarborg.

Die onderlinge prysverhoudings tussen kontantgewasse en dié tussen die verskillende dierlike produkte, sowel as die verhouding tussen gewaspryse en dierlike produktepryse bly in elk geval die belangrikste faktore wat produksie en verbruik op die langtermyn sal beïnvloed. Die rigting waarin die owerheid die landbou-ontwikkeling wil stuur, sal deur middel van produktepryse aangedui moet word.

In hierdie verband wil ek wys op die noodsaaklikheid van plaasinkomstestudies waaruit ontledings van die verskillende bedryfstakke gedoen kan word. Dit is myns insiens 'n ernstige leemte in die huidige opset waar 'n belangrike gedeelte van die prysvormingsfunksie deur arbitrêre besluite vervang word en daar dus 'n groot verantwoordelikheid op die owerheid rus om die uitwerking van prysbesluite op vraag en aanbod en inkomstepeile vooruit te skat. Plaasinkomstestudies kan ook baie help as basis vir 'n behoorlike studie van die pryselastisiteit van landbouprodukte — veral aan die aanbodkant. Daar is geweldige leemte aan betroubare beramings van hierdie aard.

Die rol van die mielieprodusent in die produksie van dierlike produkte

Ek aanvaar dat sommige van die ander referente in meer besonderhede sal ingaan op die hele aangeleentheid van die produksie van dierlike produkte — dws vleis, suiwel- en pluimveeprodukte — en ek wil dus nie dupliseer nie. Dit is egter van belang om daarop te let dat die mielieprodusent eintlik 'n sleutelrol kan speel in enige veldtog wat die verhoogde produksie van dierlike produkte ten doel het.

Tabel 5 bevat besonderhede van die geografiese verspreiding van die veestapels in Blanke gebiede.

Uit die tabel is dit duidelik dat

- (a) 69,6 persent van die beesvleisbevolking in die saai-streke van Transvaal en die OVS gekonsentreer is;
- (b) 50,7 persent van die skaapbevolking in hierdie streke gekonsentreer is;
- (c) 59,4 persent van die varkbevolking in hierdie streke gekonsentreer is.

Tabel 5 Persentuele streeksverdeling van die Republiek se veestapel in Blankegebiede (Afdeling Landbou-bemarkingsnavorsing van die Departement van Landbou-Ekonomie en -Bemarking, Pretoria. Aug. 1972)

Streek	Beeste	Skape	Varke
Winterreënvalstreek	4,6	10,2	15,8
Karoo	1,3	21,6	3,5
Oos-Kaap	8,3	12,6	6,6
Noord-Kaap en Wes-OVS	12,0	17,0	4,6
Sentraal- en Suid-OVS	3,1	9,0	3,1
Natal en Oos-Griekwaland	16,2	5,0	14,8
Hoëveld	28,7	17,0	23,1
Rand-kompleks	2,4	0,4	9,7
Noord- en Oos-Transvaal	23,4	7,2	18,8
TOTAAL	100,0	100,0	100,0

Indien hierdie gegewens vergelyk word met die verspreiding van mielieproduksie is dit duidelik dat heelwat meer as die helfte van die veestapels in die mielieproduserende streke gekonsentreer is (Tabel 1). Die voer van vee behoort dus betreklik maklik in toenemende mate in die saai-streke toegepas te kan word.

In die laaste tyd is daar dikwels besondere klem gelê op die moontlikheid om die produksie van rooivleis, eintlik beesvleis, deur middel van spesiale maatreëls te bevorder.

Dit is waar dat daar tans 'n hele paar faktore is wat so 'n program van optrede begunstig. Daar is egter ook faktore wat dit twyfelagtig maak of ons 'n groot oorskakeling van die verbouing van mielies as kontantgewas na die verbouing daarvan as voergewas teen 1980 sal sien.

In die eerste plek is beesvleisproduksie tans nog hoofsaaklik ekstensief van aard. Vanweë die stadige struktuurverandering en die traë tempo waarteen nuwe praktyke algemeen toegepas word, kan nie verwag word dat 'n grootskaalse verandering in 'n kort tydperk sal plaasvind nie. Tweedens is daar groot moontlikhede om 'n aansienlike verhoging in doeltreffendheid op ekstensiewe basis te bewerkstellig deur middel van maatreëls wat nie 'n intensiewe voerprogram van hoë-energie-rantsoene vereis nie — byvoorbeeld verbetering in algemene versorging van die kudde, beter seleksie van teeldiere en beter oorwintering van die teelkudde.

Dit wil voorkom asof 'n kitsprogram (crash programme) hoofsaaklik op die buitelandse mark toegespits sal wees. In hierdie verband sal daar noukeurig ingegaan moet word op die vraag of die huidige tekort aan rooivleis op die wêreldmark sal voortduur, en vir watter snitte en grade daar die beste kans op 'n permanente afset is. Volgens bestaande aanduidings word daar in verskeie lande haastige planne beraam om in die verwagte tekort aan bees- en kalfsvleis te voorsien.

Die Mielieraad hou hierdie verwikkelings met belangstelling dop en sal nie verslap in sy pogings om die verbruik van mielies in diervoeding te bevorder nie. Sover dit prakties en doenlik is, sal die Raad ook saamwerk met ander instansies by wie 'n gemeenskaplike strewe aanwesig is. Die moontlikheid kan dus nie uitgesluit word nie dat 'n toenemende gedeelte van die huidige verwagte uitvoerbare oorskot mielies uiteindelik in die vorm van vleis uitgevoer sal word, maar dit is onwaarskynlik dat dit reeds teen 1980 'n wesentlike gedeelte van die oorskot sal verteenwoordig.

Die noodsaaklikheid van vars en betroubare landboustatistieke

By hierdie geleentheid waar besin word oor landbou-ontwikkeling wil ek een saak aanroer wat nie net vir die mieliebedryf nie maar vir die landbou in geheel van die aller-grootste belang is — veral as daar gedink word aan beleidsbesluite om bepaalde tendense te beïnvloed of ontwikkel-

lings in 'n spesifieke rigting te stuur. Dit is die noodsaaklikheid van betroubare landboustatistieke.

Ter illustrasie wil ek verwys na die onlangse hersiening van die oppervlakteskattings vir mielies op grond van die nuutste landbousensusgegevens.

Die jaarlikse oppervlakte- en oesskattings van die Departement van Landbou-Ekonomie en -Bemaking was tot dusver die enigste omvattende bron van inligting aangaande die jongste neigings in mielieproduksie. Volgens die skatting op basis van die 1962/63-landbousensus is die groot mielieoes in Blankegebiede gedurende 1972 op 'n oppervlakte van 5½ miljoen hektaar geproduseer. Indien die gegewens van die 1968/69-landbousensus, wat maar heel onlangs eers beskikbaar geword het, egter as nuwe basis gebruik word, kom die oppervlakteskatting van die Departement van Landbou-Ekonomie en -Bemaking vir die 1972-oes op slegs 4½ miljoen hektaar te staan — dit wil sê een miljoen hektaar of 17 persent minder as wat voorheen geskat is. Die implikasies hiervan is verreikend.

Eerstens beteken dit dat die werklike potensiaal vir oppervlakte-uitbreiding veel groter is as wat tot dusver aanvaar is en dat ons nog lank nie die maksimum van horisontale uitbreiding bereik het nie. Indien die winspotensiaal van mielieproduksie in die toekoms voordeliger as vir ander kontantgewasse in die somerreëvalgebiede is, sal nog groot uitbreidings in produksie plaasvind.

Verder beteken dit dat die werklike opbrengspeil 20 persent hoër is as wat ons aanvanklik geglo het, omdat die grootte van die oes onveranderd bly. Indien dieselfde verhoudelike styging in opbrengs per hektaar as in die verlede toegepas word om projeksies vir die toekoms te maak, sal 'n heelwat hoër waarde verkry word.

Die gesamentlike uitwerking van bogenoemde faktore kan dus wees dat produksieramings heelwat verhoog moet word wat weer sal beteken dat die uitvoerbare surplus hoër sal wees en dat ons al meer op die uitvoermark vir mielies aangewese sal wees. Dit hou weer belangrike implikasies in sover dit die beplanning vir die hantering van die oes betref en watter klem byvoorbeeld op die aanmoediging van die produksie van dierlike produkte in Suid-Afrika geplaas moet word ten einde hierdie relatief voordeliger mark vir mielies beter te kan benut.

Uit die voorgaande is dit baie duidelik — en ek glo heelwat ander voorbeelde kan nog aangehaal word — dat dringende en ernstige aandag gegee moet word aan die versameling en versnelde verwerking van sensusgegevens oor die landbou (deur die Departement van Statistiek) ten einde die betroubaarste gegewens met die minste vertraging te kan bekom sodat tendense gouer geïdentifiseer kan word, ramings vir die toekoms met groter vertroue gedoen kan word en die korrekte beleidsbesluite, waar nodig, gouer geneem en uitgevoer kan word as wat dit in die lig van die huidige situasie gedoen kan word.

Die moontlike inskakeling van sojabone as 'n wisselbougewas

Daar is een moontlike ontwikkeling wat potensieel 'n groot invloed op mielieverbouing kan hê, en dit is die grootskaalse inskakeling van sojabone as wisselbougewas in die produksiekringloop van mielies. Tot betreklik onlangs kon daar nie juis gevorder word in die propagering hiervan nie, ten spyte van die onbetwisbare akkerboukundige voordele wat inherent daaraan is — afgesien van die verhoging in die stikstofinhoud en verbetering in die struktuur van die grond, kan dit volgens die plantsiektekundige dr P M le Roux as wisselbougewas 'n belangrike bydrae lewer om die risiko van groot uitbrekings van sekere mielieplantsiektes te verminder.

Die tyd laat my nie toe om oor die saak uit te wei nie, maar dit is so dat daar in die jongste tyd sekere veranderings in die algemene situasie ingetree het wat die moontlikheid van die suksesvolle inskakeling van sojabone begunstig. Vanweë die skaarste aan vismeel as proteïenbron in diervoeding, en die gevolglike skerp styging in die prys daarvan, is daar tans wêreldwye belangstelling in die beskikbaarheid van plantaardige proteïene. Volgens baie waarnemers is sojabone in die beste posisie om aan hierdie vraag te voldoen.

Waar een van die groot knelpunte in die verlede, naamlik die bemarkingsaspek, nou uit die weg geruim kan word, sal daar miskien voldoende stimuli wees om die ander probleme ook op te los (behoorlik aangepaste variëteite, kennis van bewerkingspraktyke, ens.).

Benewens die produksie-aspek kan 'n oorskakeling na die gebruik van sojabone vir diervoeding, na die mening van voedingkundiges, ook daartoe bydra dat die mielie-inhoud van gebalanseerde veevoere vanweë tegniese oorwegings verhoog word. So 'n verwikkeling kan dus op tweërlei wyse die afset van mielies bevoordeel, naamlik deur die koste van diervoeding op 'n laer peil te hou en dus die normale toename in verbruik te handhaaf en die mielie-inhoud van dieselfde volume veevoer te verhoog.

Slot

Meneer die Voorsitter, ter afsluiting kan die beskouing van die toekomstige ontwikkeling van die mieliebedryf in Suid-Afrika soos volg saamgevat word

- (1) Die gemiddelde jaarlikse produksie sal nog 'n geruime tyd die gemiddelde jaarlikse verbruik oorskry.
- (2) Die afset van hierdie oorskot op die oorsese mark sal in 'n atmosfeer van verskerpte mededinging geskied, maar sal nie wesenlike probleme oplewer nie.
- (3) Die huidige pogings om die gehalte van ons mielies so hoog moontlik te hou en so doeltreffend moontlik aan die vereistes van die mark te voldoen, moet volgehou en selfs verskerp word ten einde alle afsetgeleenthede (plaaslik sowel as oorsee) ten beste te benut.

- (4) Die rigting waarin landboukundige ontwikkeling gestuur word, word in 'n groot mate deur die owerheid bepaal, en om die reg hieraan te laat geskied, vereis meer doeltreffende koördinasie van landbouproduktpryse as wat tot dusver bereik is. Met die oog hierop is dit noodsaaklik dat sekere leemtes in die bestaande landboustatistieke en die gebrek aan plaasinkomstestudies aangevul word.
- (5) Die grootskaalse inskakeling van sojabone as 'n wisselbougewas by mielieproduksie kan 'n heilsame uitwerking op die mieliebedryf hê.
- (6) Laastens, Meneer die Voorsitter, moet daar volgehou word met pogings om produktiwiteit in die mieliebedryf te verhoog. Die mielieprodusent se eie bydrae in hierdie verband moet gerugsteun word deur navorsing, voorligting en ontwikkelingsweg deur die ander belanghebbende partye soos die owerheid en die verskaffers van produksiemiddele.

In laasgenoemde verband dra ons kennis van die kunsmisnywerheid se bereidwilligheid om sy verantwoordelikheid te aanvaar. Ek wil u gelukwens met wat u reeds in die afgelope aantal jare bereik het en die hoop uitspreek dat hierdie konferensie ook daartoe sal meehelp dat u in die toekoms 'n nog groter bydrae sal lewer om 'n gesonde en welvarende mieliebedryf te verseker. Hierdie taakstelling vereis spanwerk tussen die produsent, die handel en nywerheid, en die owerheid. Ek weet ons sal nie tevergeefs op u bydrae wag nie.

Verwysings

- Scholtz, A.P., 1970. Bemerkingsbeplanning- en -aanpassing in die landbou in die sewentiger jare. Hand. Land. Ekon. Ver. van SA.
- Scholtz, A.P., 1972. Die bemerkingsvraagstuk in die mieliebedryf. Nasionale Mieliekonferensie SALU, Nigel. Aug. 25.
- Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1973. Kwartaalblad. Maart. No. 107.
- VLO, 1971. Publikasie CCP-GR 71/5. Rome. Aug.

Bespreking

Mnr S E S Ferreira

Is dit moontlik dat mielieproduksie in die volgende dekade van 8-16 miljoen metrieke ton verhoog kan word as in aanmerking geneem word dat die mielieprodusente in die Hoëveldstreek slegs die helfte van die bewerkbare grond bewerk en dat daar op die huidige slegs 'n geringe persentasie van die 13,5 miljoen ha bewerkbare grond in reserwe is? Kan die mielieproduksie verhoog word deur bemesting en plante-stand te verhoog? Is dit enigsins moontlik dat die Misstofvereniging in 'n ekologiese streek kan bepaal wat die maksimum moontlikhede ten opsigte van plantestand en be-

mesting is? Is dit moontlik dat die verbruik van mielies, gesien in die lig van die uitbouing van rooivleisproduksie en die opheffing van die Bantoe, sal toeneem of verdubbel?

Dr Scholtz

Volgens beraming kom die gemiddelde jaarlikse produksie vir 1980 op ongeveer 12 miljoen tonne te staan. Toename in produksie veronderstel die toepassing van verbeterde verbouingspraktyke, beter benutting van potensiaal van bestaande en nuwe bastervariëteite, verbeterde boerderybestuurspraktyke en 'n geringe toename in die oppervlakte onder mielies.

Daar kan wel 'n groter toename in verbruik verwag word, hoofsaaklik deur verhoogde dierlike verbruik. Menslike en dierlike verbruik het in die tydperk 1968/69-1972/73 met 9,3 persent en 44,9 persent onderskeidelik gestyg.

Dr S J du Plessis

Ek wil graag die volgende ten opsigte van mielieproduksie onder u aandag bring. As gegewens verkry uit ses distrikte in die ooste en die weste in oënskou geneem word, blyk dit dat daar gedurende die dekade 1950-1960 'n taamlike bestendige toename in produksie per ha was. Gedurende die tydperk 1960-1970 is daar 'n duidelike wisseling in produksie van jaar tot jaar. Indien die mieliebedryf op gesonde grondslag gekry wil word, moet daar 'n verklaring vir hierdie fluktuasie gesoek word.

Dr P J Möhr

Hoe betroubaar is die landboustatistieke wat ons tot ons beskikking het?

Na aanleiding van dr Du Plessis se stelling skryf ek die wisseling in mielieproduksie oor die laaste dekade (1960/70) toe aan die feit dat mielies die afgelope 10 jaar verbou is op gronde wat basies riskant is vir mielies. 'n Verdere faktor is dat daar aanvaar word dat daar nie verder uitgebrei kan word wat die gemiddelde gronde betref nie. As 'n mens egter kyk na die Oos-Transvaal is daar baie gebiede wat op die oomblik tradisioneel veeteeltgebiede is, wat 'n hoë reënval en potensiaal vir gewasverbouing het. Uit 'n proefskrif van dr Robbertse het dit wel geblyk dat kleinskaalse verbouing van gewasse misluk het, maar dit is toe te skryf aan faktore soos (a) swak boerderybestuur (b) die feit dat dit tradisioneel veeteeltgebied is (c) chemiese beperkings. Die vraag ontstaan nou of dit nie wenslik sou wees om kontantgewasproduksie te verskuif, vanaf die weste na die gebiede waar aangeplante weidings beoog word en wat 'n hoë potensiaal vir mielies het indien dit reg bestuur en gebruik word.